

## SHORT NOTE

## Boomklimmende klipspringers in die Namibwoestyn

deur

O.B. Kok

Departement Dierkunde, UOVS,  
Posbus 339, Bloemfontein 9300,  
Republiek van Suid-Afrika

en

A.J. van Wyk

Namib-Navorsingsinstituut,  
Posbus 1204, Walvisbaai 9190  
Suidwes-Afrika/Namibië

Ontvang: 15 September 1981

Verskeie verteenwoordigers van die Artiodactyla besit die vermoë om op hul agterpote te staan en vreet om so doende 'n hoër vlak van beweiding te bereik. Sulke gedrag is veral opvallend by die Clarkgasel *Ammodorcas clarkei* en Wallergasel *Litocranius walleri*, maar word ook by die Abessiniese ibeks *Capra ibex*, Barbarynse skaap *Ammotragus lervia*, boerbok *Capra hircus*, damagasel *Gazella dama*, damhert *Dama dama*, dik-dik *Madoqua kirki*, duiker *Sylvicapra grimmia*, klipspringer *Oreotragus oreotragus* en springbok *Antidorcas marsupialis* aangetref (Bigalke 1972; Burton & Burton 1969; Dorst & Dandelot 1970; Leuthold 1971; Morris 1965; Norton 1980; Tinley 1969; Walker 1964). Hoewel dit bekend is dat bisamherte van die Tragulidae familie boomklim om in die son te bak of roofdiere te ontvlug (Walker *op. cit.*), is dit slegs boerbokke en duikers van die eersgenoemde groep wat by geleentheid in bome sal klim om voorkeurvoedsel te bekom (Burton & Burton *op. cit.*; Morris *op. cit.*; Walker *op. cit.*). Hier word 'n soortgelyke geval vir die eerste keer by klipspringers beskryf.

Tydens navorsingsverpligtinge van 'n ander aard is weeklikse wildsensusse gedurende Desember 1979 en Januarie 1980 in die Kuiseb-Canyon, Namib-Naukluftpark, uitgevoer. Die sensusstrook het oor 'n afstand van 75km stroomop vanaf Gobabeb (23° 34' S.B.; 15° 03'O.L.) gestrek. Klipspringers is hoofsaaklik in die gebied tussen km 38 en 65 (voertuig-odometer) aangetref. Enkele geïsoleerde familiegroepe het verder stroomaf voorgekom, onder andere ten ooste van Homeb by km 24,4 – 25,2 waar drie individue gereeld opgemerk is. Op 31 Desember is laasgenoemde klipspringers om 13h00 in 'n groot anaboom *Acacia albida* aan die vlaktekant van die droë rivierloop aangetref. Die volwasse mannetjie het 2,5 m vanaf die grond op 'n skuinslopende stam gestaan, terwyl die wyfie en 'n jong individu van onbekende geslag onderskeidelik op hoogtes van 4,3 en 5,4 m op dik stamme gestaan en vreet het. Latere ondersoek het dan ook getoon dat die meeste lote ter plaatse van hul blare gestroop is. Weens die onvoorsiene versperring van die normale vlugroete na die 50 m hoë krans aan die teenoorgestelde oewer (duinekant) deur mens en voertuig, het dit voorgekom asof die klipspringers aanvanklik huiwerig was om die relatiewe veiligheid van die boom te verlaat. Dit het die geleentheid gebied om vinnig 'n paar foto's, weliswaar onduidelik, van die ongewone situasie te neem. Eers na sowat 'n minuut het die klipspringers, gelei deur die wyfie, in die oewerbos verdwyn. Ander waarnemings van klipspringers in bome is sedertdien by meer as een geleentheid deur een van ons (A.v.W.) gemaak. Besonderhede van bogenoemde waarneming kom grootliks ooreen met die algemene bevindings van Tilson (1980) vir klipspringers in die Kuiseb-Canyon. Dus is die anaboom nie alleen die stapelvoedsel van die bokke nie, maar word daar normaalweg ook gedurende die middel van die oggend gewei wanneer die boomskadewees weens die intense hitte terselfdertyd benut kan word. Klaarblyklik was dit ook die volwasse wyfie, met

6203

die onvolwasse individu in haar onmiddellike nabyheid, wat die inisiatief aan die dag gelê het, terwyl die mannetjie soos gebruiklik 'n meer waaksame houding op 'n laer beweidingsvlak ingeneem het. Die ongewone gedrag om die vloer van die canyon vir voedingsdoeleindes oor te steek, hou waarskynlik verband met die beskikbaarheid van voedsel. Die geïsoleerde voorkoms ten opsigte van die res van die klipspringerbevolking dui juis op die moontlike benutting van sub-optimale habitat deur die betrokke familiegroep. In hierdie opsig is die nabygeleë Topnaarstat te Homeb met die geassosieerde hoë takvoerlyn van die bome wat veral deur boerbokkuddes veroorsaak is (die laagste lewende materiaal van die anaboom was 1,7 m), miskien veelseggend. Danksy hul gespesialiseerde hoofstruktuur en vasvoetigheid is klipspringers waarskynlik meer as enige van die ander kleinere boksoorte geskik om in bome te kan rondbeweeg. Waar die aanvanklike beperking om in die bome te kom deur skuinslopende stamme, omgevalle stompe of ander strukture in die onmiddellike omgewing verhelp kan word, is dit dus verbasend dat soortgelyke gedragspatrone nie meer dikwels voorkom nie, veral onder die toestande van relatiewe voedselskaarste so kenmerkend van droë gebiede.

#### SUMMARY

Although a number of ungulates have the ability to rise up on their hind legs and feed in a bipedal stance, the ability to climb trees is exceptional. During regular censuses in the Kuiseb River Canyon, Namib-Naukluft Park, klipspringers *Oreotragus oreotragus* have been observed to browse at heights of up to 5,4 m in ana trees *Acacia albida*, their principal food resource. Indications are that the unusual behaviour was triggered by a relative shortage of food, the individuals concerned apparently being subjected to sub-optimal habitat conditions close to a Topnaar village.

#### DANKBETUIGINGS

Graag betuig ons ons dank teenoor die Direkoraat van Natuurbewaring, Suidwes-Afrika, vir hul vriendelike hulpvaardigheid en toestemming om in die Namib-Naukluftpark werksaam te kon wees. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad word bedank vir hul finansiële steun.

#### VERWYSINGS

- BIGALKE, R.C.  
1972: Observations on the behaviour and feeding habits of the springbok, *Antidorcas marsupialis*. *Zool. Afr.*, 7:333-359.
- BURTON, M. en BURTON, R.  
1969: *The international wildlife encyclopedia*. Vol. 7. B.P.C. Uitgewersbeperk, Brittanje.
- DORST, J. en DANDELLOT, P.  
1970: *A field guide to the larger mammals of Africa*. Collins, Londen.
- LEUTHOLD, W.  
1971: Freilandbeobachtungen an Giraffengazellen (*Litocranius walleri*) im Tsavo-Nationalpark, Kenia. *Z. Säugetierk.*, 36: 19-37.
- MORRIS, D.  
1965: *The mammals: A guide to the living species*. Hodder en Stoughton, Londen.
- NORTON, P.M.  
1980: *The habitat and feeding ecology of the klipspringer Oreotragus oreotragus (Zimmermann, 1783) in two areas of the Cape Province*. M.Sc.-verhandeling, U.P.
- TILSON, R.  
1980: Klipspringer (*Oreotragus oreotragus*) social structure and predator avoidance in a desert canyon. *Madoqua*, 11: 303-314.
- TINLEY, K.L.  
1969: Dikdik *Madoqua kirki* in South West Africa: Notes on distribution, ecology and behaviour. *Madoqua*, 1: 7-33.
- WALKER, E.P.  
1964: *Mammals of the world*. Vol. 2. J. Hopkins Drukkery, Baltimore.